AANSOEK OM ’N TYDELIKE OF PERMANENTE VERBLYF-VISUM

WAAROM ’n PROKUREUR GEBRUIK?

ALLES WAT JY MOET WEET

LAW SOCIETY OF SOUTH AFRICA · BLA · CAPE LAW SOCIETY · National Association of Democratic Lawyers Equality and Justice · THE LAW SOCIETY OF THE NORTHERN PROVINCES

JOU PROKUREUR – JOU VERTROUDE RAADGEWER

Alle aansoeke om verblyf-visums, tydelik of permanent, ressorteer onder die Immigrasiewet (Wet 13 van 2002) soos gewysig. Hierbenewens is dit die beleidsbesluite van die Departement van Binnelandse Sake, soos vervat in die departementele uitwysing, wat die wetgewing laat werk.

Immigrasie-wetgewing kan ’n mynveld van knelpunte en slaggate wees. Dit is in die belang van buitelanders wat aansoek doen vir ’n visum van enige aard om ’n prokureur wat spesialiseer in hierdie veld te raadpleeg ten einde die gevolge van sodanige knelpunte en slaggate te minimiseer.

Soort visums

- **Korttermyn visums** word benodig vir vakansiedoeleindes en mediese besoeke. Sodanige visums is oor die algemeen geldig vir ’n tydperk van 90 dae en kan hernu word vir goeie redes tot hoogstens ’n verdere 90 dae.
  - Persone afkomstig van lande wat onderhewig is aan die verkryging van visums moet in hul lande van verblyf aansoek doen vir die toepaslike visum en dan vir die uitslag in daardie lande wag voordat hulle na Suid-Afrika kan vertrek. Persone afkomstig van lande wat nie onderhewig is aan die verkryging van visums nie kan bloot na Suid-Afrika reis en, afhangend van die duur van hul visum-vrystelling ingevolge ’n bilaterale ooreenkoms met hul land van verblyf, mag hulle vir ’n tydperk soos beskryf in dié ooreenkoms in Suid-Afrika vertoef.
  - Sekere soorte beperkte “werk-verwante aktiwiteite” kan beoefen word op grond van ’n artikel 11(2)-visum/ besoekerspermit. Daar moet vir sodanige visums aansoek gedoen word in die land waar die persoon normaalweg woon.
- **Tussentydse soort visums of ’tydelike’ visums** ressorteer onder drie kategorieë, naamlik vir werk, studie en besigheid.

  Wat werk-visums betref is die algemene kriteria dat die Suid-Afrikaanse werkgewer eers al die voorgeskrewe stappe moet neem om die dienste van ’n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner vir die posisie te bekom voordat ’n werksaanbod aan ’n buitelander gemaak mag word. Dit sluit in advertensies in die nasionale gedrukte media, die verkryging van ’n Arbeidsdepartement-verslag, ’n verslag van indiensnemingsagentskappe en ’n salarisvergelyking-uittreksel.

  Die enigste kategorie waar bogenoemde vereistes nie geld nie is visums vir kritiek belangrike werk. ’Kritieke vaardighede’ word omskryf in die kritieke vaardighede-visumlys wat van tyd tot tyd deur die Minister van Buitelandse Sake in die Staatskoerant gepubliseer word. Die lys bestaan uit vaardighede, ambagte, professies en beroepe wat in nasionale belang of van ’n ’kritieke’ aard is.
- **Werkvisums** in die geval van **intramaatskappy oorplasings** dek die kategorie van internasionale maatskappye wat ’n filiaal, aandelebesit- of geassosieerde maatskappy in Suid-Afrika bedryf en wat ’n werknemer in die permanente diens van die oorsese onderneming aan Suid-Afrika wil afstaan vir ’n tydperk van hoogstens vier jaar. Sodanige aansoek moet ingedien word in die land waar die aansoeker normaalweg woon en die uitslag moet afgewag word in daardie land.
- ’n Buitelander wat ’n besigheid in Suid-Afrika wil koop of begin kan aansoek doen vir ’n **besigheidsvisum**. Die kriteria sluit in die vereiste dat die besigheid geag moet word as in die ’nasionale belang’ en dat ten minste van 60% van die personeel uit Suid-Afrikaanse burgers moet bestaan. Verder moet die voorgenome onderneming voldoen aan al die arbeidswetgewing en ander gedelegeerde wetgewing in Suid-Afrika. Benewens bogenoemde vereistes, moet ’n belegging van ten minste R5 miljoen in die besigheid gemaak word.

  Die Departement van Handel en Nywerheid moet ook ’n aanbevelingsbrief voorsien vir hierdie tipe aansoek.
- **Aftrede-visums** mag toegestaan word aan kwalifiserende buitelanders wat kan bewys dat hulle voldoende fondse het soos van tyd tot tyd bepaal deur die Minister van Binnelandse Sake om hulself in Suid-Afrika te onderhou sonder om ’n las vir die staat te word. Sodanige fondse moet afkomstig wees van ’n pensioen, aftrede-annuïteit of ’beleggingsrekening’ wat die kwalifiserende vlak van inkomste verseker.
- **Familielid-visums:** Waar ’n buitelander ’n bloedverwantskap (binne twee grade) met ’n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner van Suid-Afrika het, en waar daar aan die nodige finansiële vereistes soos van tyd tot tyd voorgeskryf deur die Minister van Binnelandse Sake voldoen is, en die nodige waarborge verskaf is, kan sodanige buitelander aansoek doen om ’n familielid-visum. Sodanige visum sal uitgereik word vir ’n tydperk van twee jaar en is wel hernubaar.

Permanente verblyf-visum

Permanente verblyf-visums is vir onbepaalde tydperke. Persone met die volgende visums mag aansoek doen vir permanente verblyf:

- **Direkte verblyf,** wat vereis dat 'n werk-visum houer reeds in Suid-Afrika op 'n werk-visum vir 'n aaneenlopende tydperk van vyf jaar woon.
- **Kritieke vaardighede werk-visum** houers op grond van hul kritieke vaardighede sodra hulle hul tydelike verblyf-visum in hierdie kategorie verkry het.
- **Besigheidsvisum:** 'n Belegger of entrepreneur wat kwalifiseer ingevolge die belegging- en indiensnemingskriteria in Suid-Afrika; wat die volhoubaarheid en lewensvatbaarheid van 'n bestaande of voorgenome besigheid kan bewys, en wat onderneem om 60% Suid-Afrikaanse burgers of permanente inwoners van Suid-Afrika in sy/haar besigheid aan te stel, kan aansoek doen vir 'n permanente verblyf-visum.
- **Buitelanders wat getroud is met Suid-Afrikaanse burgers** vir 'n tydperk van vyf jaar mag aansoek doen in die 'eggenote' kategorie. Dit sluit in persone wat vir die kwalifiserende tydperk in erkende gemeenregtelike, tradisionele of siviele huwelike is.
- **Afgetredenes** wat bewys kan lewer van die kwalifiserende inkomste in hierdie kategorie.
- **'Finansieel onafhanklike persone'** wat bewys kan lewer van beskikbare kwalifiserende fondse en wat bereid is om 'n bedrag soos van tyd tot tyd deur die Minister van Binnelandse Sake bepaal word as 'n nie-terugbetaalbare, eenmalige betaling aan die Direkteur-Generaal van Binnelandse Sake te maak.

Belangrike wysigings

Met die totstandkoming van die Immigrasiewet (Wet 13 van 2011), soos gewysig, en die nuwe Regulasies wat op 25 Mei 2014 uitgevaardig is, het dit nodig geword vir alle aansoekers vir alle soorte visums om persoonlik teenwoordig te wees met die indiening van aansoeke vir doeleindes van biometriese identifisering.

U prokureur mag u vergesel deur hierdie proses en daarna die aansoek finaliseer.

Die Departement van Binnelandse Sake het 'n tender toegeken aan Visa Facilitation Services (VFS) om in alle hoofsentra van Suid-Afrika as ontvangs- en versendingsagente vir die indiening en goedkeuring van visums wat toegestaan word te dien.

Ten opsigte van werkpermitte, moet die Departement van Arbeid ingevolge die nuwe Regulasies sertifiseer dat geen Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner vir die posisie beskikbaar was nie voordat 'n werkpermit vir 'n buitelander gefinaliseer kan word.

Wat sake-visums betref, het die term 'nasionale belang' een van die sleutel kriteria vir die Departement van Handel en Nywerheid se sertifisering geword.

Hoofkriteria vir kwalifiserende visums

Een van die sleutel vereistes is dat 'n aansoeker vir enige soort visum 'n persoon van goeie karakter moet wees en daarom word 'n polisie-klaringsertifikaat, uitgereik deur enige land waar die aansoeker vir 'n tydperk van meer as 12 jaar in die vorige dekade gewoon het, vereis.

Dit is ook belangrik dat die aansoeker gesond en in 'n goeie fisiese toestand is. 'n Mediese en radiologiese verslag word vereis.

Die indiensneming van Suid-Afrikaners en werkskepping vir Suid-Afrikaners, waar van toepassing, bly te alle tye een van die hoofbeginsels in ons ekonomie. Gevolglik word daar vereis – behalwe in die kritieke vaardighede visum-kategorie – dat voornemende werkgewers bewys moet kan lewer dat hulle 'n poging aangewend het om die dienste van 'n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner te bekom voordat hulle enige werksgeleentheid aan 'n buitelander bied.

AANSOEK OM 'N VERBLYF-VISUM

ALLES WAT JY MOET WEET

LAW SOCIETY OF SOUTH AFRICA

Tel: (+27) 12 366 8800
Faks: (+27) 12 362 0969
www.LSSA.org.za

Posbus 36626
Menlopark 0102
Docex 82, Pretoria
Brooksstraat 304
Menlopark, Pretoria 0081

© Law Society of South Africa 2014. Picture source: © iStockphoto
Hierdie brosjure is slegs vir inligtingsdoeleindes bedoel en moet nie as regsadvies beskou word nie.